[5] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 13

A. Inleiding

Psalm 13 is ’n ernstige gebed van iemand wat sukkel om te verstaan hoekom die Here nie help nie, maar steeds vertrou dat Hy sál antwoord, dat daar uitkoms sál wees. Die vraag “Hoe lank?”, wat vier keer herhaal word, impliseer juis dat die bidder verwag daar sal tog ’n einde aan sy lyding wees. Die vrae is kritiese vrae, beskuldigend teen die Here op ’n manier wat moderne gelowiges selfs bietjie ongemaklik maak. Ná die klag-gedeelte (13:2-3) volg daar ’n gebed-gedeelte (13:4-5) wat twee negatiewe doelsinne bevat (“sodat nie...”). Hierdie sinne is motiverings wat die gebed nog meer oorredend maak. Die slot, in 13:6, is ’n hernieude belofte van vertroue en dank aan die Here vir wanneer Hy wel gaan antwoord.

Daar is in die verlede veronderstel dat die psalm as ’n liturgiese gebed bedoel was vir iemand wat in die moeilikheid is. Tussen vers 5 en vers 6, so het die teorie gelui, het ’n priester of kultiese profeet moontlik by wyse van ’n orakel aangekondig dat die gebed verhoor is, en dit is dan waarom daar oorgegaan word tot ’n belofte van dank. Dit is egter nie waar nie: Die hele psalm, insluitend die belofte van lof en die dankbetuiging, is ’n ernstige gebed om die Here tot optrede te beweeg. Die gronde waarop die psalmdigter sy vertoë rig, is die Here se beloftes en sy karakter, soos wat dit in die voorafgaande psalms geteken is en soos die psalmdigter dit reeds in die verlede beleef het. Om Ps 13 te verstaan, is dit dus nodig om terug te blaai na die voorafgaande psalms. Die vrae hieronder gaan ook van daardie veronderstelling uit.

As die psalmskrywer bid “Verlig my oë”, verwys hy daarna dat dowwe of moeë oë gesien is as teken van lewenskrag en lewensmoed wat besig is om weg te kwyn. Ons praat ook van die lig in iemand se oë wat breek as die persoon sterf. Lees gerus Deut 34:7, Ps 6:8, en Klaagliedere 5:17 om die beeld beter te verstaan.

Daar is riglynantwoorde aan die einde, maar probeer eers om self die antwoorde op die vrae hieronder te verskaf. Die 1953-vertaling word hier gebruik, maar jy is welkom om ook ander vertalings te raadpleeg.

Psalm 13

1	VIR die musiekleier. ’n Psalm van Dawid.	
2	Hoe lank, HERE, sal U my altyddeur vergeet? Hoe lank sal U vir my u aangesig verberg?	
3	Hoe lank sal ek planne beraam in my siel, met kommer in my hart oordag? Hoe lank sal my vyand hom oor my verhef?	
4	Aanskou tog, verhoor my, HERE, my God! Verlig my oë, sodat ek nie in die dood inslaap nie;	

5	sodat my vyand nie kan sê: Ek het hom oorwin nie, en my teëstanders nie juig as ek wankel nie.	Ps. 38:17. Ps. 10:6.
6	Maar ek — op u goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor u heil. Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat Hy aan my goed gedoen het.	

B. Besprekingsvrae

1. Die digter beskuldig die Here daarvan dat Hy hom “vergeet” en dat Hy sy gesig vir hom “verberg” of wegsteek. Dieselfde digter, wat ons volgens die opskrif moet verstaan as “Dawid”, het in Ps 10:11 iets oor die goddelose gesê wat ons help om hierdie klagte beter te verstaan. Hoe werp daardie vers lig op Ps 13:2?

2. Uit die Psalms weet ons dat die Here nie geneig is om te “vergeet” nie, en ook nie om nie kennis te neem van onreg wat aan sy kinders gedoen word nie, al voel dit soms so. Wat is dit waarvan die Here veral baie goed kennis neem en dit nooit vergeet nie? Kyk na Ps 9:13, 19; 10:12, 14, 17; 11:4.

3. Psalm 13:3 verwys na die emosionele en sosiale wroeging wat die gelowige deurmaak as God lank neem om sy of haar gebede te antwoord. Die woord wat hier met “kommer” vertaal is, is dieselfde woord wat Jakob in Gen 42:38 gebruik om te beskryf hoe hy sal voel as hy nog ’n kind aan die dood moet afstaan. Vir die psalmdigter veroorsaak dit ook pyn omdat sy vyand hom oor hom (die digter) “verhef”. Dit gebeur omdat die vyand dink hy kan voortgaan om ander mense se regte te vertrap. Watter gedagtes van die goddelose veroorsaak vir die bidder soveel pyn? Kyk na Ps 10:4-6, 11, 13. Dit is ook dieselfde situasie wat in Ps 12:9 beskryf is.

4. Die psalmdigter sê hy vertrou op die Here se “goedertierenheid” (13:6). Hierdie woord verwys na die getrouheid, goedheid, en toegeeflike houding wat die Here openbaar teenoor iemand met wie Hy in ’n verbondsverhouding staan. In Ps 5:8 het die digter gesê dat hy die reg van toegang tot die Here se tempel het nie op grond van sy regverdigheid nie, maar slegs op grond van die Here se “goedertierenheid”. Wie is die mense wat volgens Ps 9:11 op die Here vertrou? Bied die digter se vertroue ook troos aan jou?

5. Die psalmdigter baseer sy gebed dat die Here sal ingryp op die Here se karakter, op die feit dat die Here se eer self sal skade ly as Hy nie reageer nie, en op die belofte dat Hy behoorlik vir die Here sal dankie sê wanneer Hy wel ingryp. Neem bestek op van wat jy graag van die Here wil hê (vir jou persoonlik, vir familie en vriende, vir ons land) en sê dit vir Hom. Sê ook vir Hom dankie vir sy goedheid en die genade wat jy steeds elke dag beleef.

C. Riglynantwoorde

1. Die goddelose sê volgens Ps 10:11 in sy hart dat God van sy, die goddelose, se verwoesting van die ellendige vergeet, dat Hy sy gesig wegdraai en dit vir ewig nie sien nie. Die digter se klag in Ps 13:2 impliseer dat, as die Here nie reageer nie, die goddelose se opsomming van die saak korrek is. Dit lê dus ŉ sware verpligting op die Here om tog wel te reageer.

2. Volgens Ps 9:13 vergeet die Here nie die geroep van die ellendiges nie of van onskuldige bloed wat vergiet is nie; Ps 9:19 sê dat die Here die behoeftige nie vir altyd sal vergeet nie; Ps 10:12 vra die Here om nie die ellendiges te vergeet nie; Ps 10:14 sê dat die Here die veronregting van mense, moeite en verdriet raaksien; Ps 10:17 sê dat die Here die begeerte van ootmoediges (nederige, nie-arrogante mense) hoor; en Ps 11:4 sê dat die Here uit die hemel die mensekinders sien en hulle toets.

3. Die gedagtes van die goddelose wat vir die bidder van Ps 13 pyn besorg, is dat daar geen God is nie, of as daar is, dat Hy Hom nie moeg maak oor die goddelose se misdade nie; indien God mense tot verantwoording roep, gaan dit oor sy kop, dit raak hom nie; hy glo dat hy self nooit sal "wankel" (struikel) nie; dat God sy gesig wegsteek en niks sien nie; en die goddelose verag God. Dus: As die Here nie ingryp nie, is die goddelose eintlik reg dat hy maar kan voortgaan, dat hy altyd voorspoedig sal leef en niks sal oorkom nie. So ŉ situasie dien nie om die Here te verheerlik nie. Volgens Ps 12:9 gaan die goddelose ongestoord met hulle praktyke voort solank die Here nie ingryp nie.

4. Dit is die mense wat die Here se Naam ken, diegene wat Hom soek. Dit is dus elkeen wat Hom aanbid en in afhanklikheid van Hom lewe. Vir elke gelowige is daar dus troos in die wete dat die Here vertrou kan word, omdat Hy van hulle omstandighede bewus is, hulle nooit vergeet nie, en sy liefde vir hulle gestand sal doen.